



# JOHANNESBURG EAST DISTRICT

**DISTRIK-EKSAMEN**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 1**

**JUNIE 2012**

Moderators: Mev. A. Nell  
Mev. X. Desai

PUNTE: 80  
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 10 bladsye.

## **INSTRUKSIES EN INLIGTING**

### **INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP (VRAAG 1, 2 EN 3) (30 PUNTE)

AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 4) (10 PUNTE)

AFDELING C: TAAL (VRAAG 5 EN 6) (40 PUNTE)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Nommer die VRAE volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Voer die opdragte by elke vraag noukeurig uit.

5. Nommer in die middel van die bladsy.

6. Begin ELKE VRAAG op 'n NUWE bladsy.

7. Skryf met 'n BLOU PEN.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Trek 'n streep na elke afdeling.

**AFDELING A – KYK- en LEESBEGRIP**

**VRAAG 1 - INTERNETARTIKEL**

- Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

**“Nuwe” matriek in SA kry regmerkie.**

Suid-Afrika se nuwe Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) voldoen aan internasionale standaarde.

Dit is pas bewys in 'n studie wat 'n Britse agentskap verantwoordelik vir inligting oor beroeps-, akademiese en professionele vaardighede en kwalifikasies wêreldwyd (UK Naric) gedoen het. Die Onafhanklike Eksamenraad (*IEB*) het gevra dat die studie gedoen moet word nadat daar vroeër heelwat oor die gehalte van die nuwe matriek gesê is. Matrikulante het dié eksamen die eerste keer in 2008 geskryf.

Me. Anne Oberholzer, uitvoerende hoof van die *IEB*, het gesê: “Vrae oor die gehalte van die matriek kwalifikasie het tot gevolg gehad dat die *IEB* die ondersoek laat doen het. Die doel was om akurate antwoorde te kry sodat die swak- en sterkpunte van die kurrikulum en kwalifikasie ondersoek kon word.”

Die UK Naric het bevind die standaarde en gehalte van die sillabus en eksamens van die NSS vergelyk goed met dié van die gevorderde Britse algemene sertifikaat in onderwys. Die studie het verskeie aspekte soos die kurrikulum, assesseringsprosesse, gehalteversekering en beheermeganismes in ag geneem.

Die studie het bevind die inhoud in die *IEB* se gevorderde wiskunde-eksamen is van 'n beter standaard as die vereistes in die Britse eksamen. Daar word beplan dat die *IEB* 'n gevorderde vraestel vir Engels-huistaal moet ontwikkel wat op dieselfde standaard sal wees as die Britse eksamen.

Die studie het bevind dat spesifieke verbeterings nodig is om 'n meer suksesvolle transformasie tussen gr.0 tot gr.9 te verseker. Dit is baie belangrik dat daar erkenning gegee word vir prestasie aan die einde van gr.10, maar dit beteken nie dat dit 'n afsnypunt moet wees waarop leerders die skool kan verlaat nie.

Die studie het ook bewys dat daar 'n groot verskil is tussen dié leerders wat graad 12 doen en dié wat die eindeksamen slaag. Studies bewys dat net 'n derde van kandidate wat in gr.10 kom die eindeksamens in gr.12 skryf. Goed-gekwalifiseerde onderwysers vir die hele land is ook nodig. Verskeie instellings, waaronder Hesa, Umalusi en die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, het gedink die verslag en bevindings is 'n welkome inspirasie – veral vir matrikulante.

Verwerk uit *Die Burger* 2010-05-25

- 1.1. Wie het die studie oor Suid-Afrika se NSS gedoen? (1)
- 1.2. Wie het gevra dat die studie gedoen moet word? (1)
- 1.3. In watter koerant het die artikel verskyn? (1)
- 1.4. Wie is die uitvoerende hoof van die Onafhanklike Eksamenraad? (1)
- 1.5. Wanneer het die Graad 12's in Suid-Afrika vir die eerste keer die NSS geskryf? (1)

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 12 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1

- 1.6. SLEGS EEN van die volgende antwoorde is korrek. Kies antwoord wat korrek is en skryf net die NOMMER en die LETTER neer. (1)

Die maatskappy wat die studie gedoen het is van...

- A. Suid-Afrika.
- B. Die VSA.
- C. Australië.
- D. Engeland.

- 1.7. Pas Kolom A by Kolom B oor die studie wat gedoen wat oor die NSS. Skryf net die nommer en die letter neer. (4)

Kolom A		Kolom B	
1.7.1.	Wat die oorsaak was vir die ondersoek.	A	Die standard is hoër as die vereistes in die Britse eksamen.
1.7.2.	Die doel van die ondersoek.	B	Die gehalte van SA se matriekkwaliifikasie.
1.7.3.	Die bevinding van die ondersoek.	C	Om akurate antwoorde te kry.
1.7.4.	Bevinding oor die standaard van die Wiskunde-eksamen.	D	Die standarde en gehalte van die NSS is dieselfde as Engeland s'n.

- 1.8. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**Heelwat instellings het van die resultate van die studie gehou.**

- 1.9. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**Die studie het bevind dat daar 'n beter transformasie van die graad 0 tot matriek moet wees.**

- 1.10. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**Die studie stel voor dat leerders aan die einde van graad 10 iets soos 'n sertifikaat moet kry.**

- 1.11. Hoekom is daar 'n verskil tussen die leerders wat graad 12 doen en die wat slaag? (2)

- 1.12. Hoekom is dit nodig dat onderwysers goed gekwalifiseerd is? (2)

**[20]**

**EN**

**AFDELING A – KYK- en LEESBEGRIP**

**VRAAG 2 – FILMRESENSIE**

- Lees die volgende filmresensie versigtig deur en beantwoord die vrae.

**The Adventures of Tintin**

Dis 'n film oor 'n verslaggewer wat nie bang is nie se opwindende en gebeurtenisvolle wêreld.

Die verhaal speel in baie dele van die wêreld af, is 'n kombinasie van drie strokiesboeke en gaan oor modelskepe waarin leidrade oor skatte op 'n skeepswrak weggesteek is.

Die getroue uitbeelding van die kleurryke karakters is 'n hoogtepunt en veral Tintin se vriend die knorrige kaptein Haddock word baie goed deur Andy Serkis vertolk – 'n definitiewe moet kyk.



<b>Skaal</b>	: 4/5
<b>Uitreikingsdatum</b>	: 2011.
<b>Looptyd</b>	: 103 min.
<b>Ouderdomsbepkering</b>	: OG.
<b>Tipe Film</b>	: Animasie-avontuur.
<b>Regisseur</b>	: Steven Spielberg
<b>Vervaardiger</b>	: Peter Jackson.

- 2.1. Watter tipe film is *The Adventures of Tintin*? (1)
- 2.2. Kies die antwoord wat nie korrek is nie en skryf net die nommer en die letter neer. (1)  
Die film *The Adventures of Tintin*...
- A. is oor iemand wat artikels vir koerante skryf.
  - B. speel af in baie lande op een kontinent.
  - C. is 'n kombinasie van strokiesboeke.
  - D. het kleurvolle karakters wat oortuigend lyk.
- 2.3. Gee een bewys uit die resensie dat die film aanbeveel word. (1)
- 2.4. Verduidelik die ouderdomsbepkering in jou eie woorde. (2)

[5]

**AFDELING A – KYK- en LEESBEGRIP  
 VRAAG 3 – STROKIESPRENTE**

- Lees die volgende strokiesprente versigtig deur en beantwoord die vrae.

**STROKIESPRENT 1**



**STROKIESPRENT 2**



- 3.1. Watter finansiële implikasies het die E-Tol sisteem volgens die eerste strokiesprent vir... (1)  
 a. die land? (1)  
 b. die publiek?
- 3.2. Wat kan jy aflei met betrekking tot hoe die E-Tol sisteem gaan werk uit die tweede strokiesprent? (1)
- 3.3. Wat is die ouma se opinie van die E-Tol sisteem? (1)
- 3.4. Dink jy die E-Tol sisteem kan werk. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)  
 [5]

**AFDELING A TOTAAL – 30**

**EN**

## AFDELING B – OPSOMMING

### VRAAG 4.

#### INSTRUKSIES

- Hier is wenke wat jou kan help om stres te hanteer.
- Onderskei tussen dit wat jy moet doen nie moet doen nie in tabelvorm.
- Skryf jou sinne puntgewys neer.
- Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 70 woorde skryf, as jy nie puntsgewys geskryf het nie of as jy nie die getal woorde aandui nie.

#### Hoe om stres te hanteer

Jou hart klop in jou keel. Jy voel kortasem. Jou mond is droog. Ons almal ken een woordjie wat bogenoemde verskynsels baie goed saamvat: stres! Klink dié situasie vir jou bekend? Hier is maklike maniere hoe om stres te wys wie is baas:

Vertel iemand betroubaar hoe jy voel of skree dit sommer in jou kussing! Dit mag dalk nie die situasie verander nie, maar dit sal jou wel help om van jou stres ontslae te raak. Moenie jou gevoelens vir jouself hou nie.

Moenie bang wees vir verandering nie. Vat die risiko en probeer om jou stresvolle situasie te verander. Selfs al is die verandering hoe klein, dis 'n stap in die regte rigting. Dit sal jou help om in beheer van jou situasie te voel en moed gee om verdere nodige veranderings te maak.

As jy oplet na hoe jou liggaam op stres reageer, kan jy ook leer hoe om hierdie stres te verminder. As jy byvoorbeeld baie angstig raak as gevolg van stres, neem 'n paar minute om net eers rustig te raak voor jy enige iets anders doen. Ontspanningsoefeninge soos joga is ook 'n goeie manier om van stres ontslae te raak.

Vind iets wat jou laat goed voel oor jouself. Miskien is 'n nuwe stokperdjie 'n baie goeie idee! Indien 'n sjokolade of 'n lekker inkopie-sessie jou beter laat voel, bederf jouself vir 'n slag. As niks help nie, neem die verantwoordelike besluit en gaan sien iemand wat opgelei is om jou te kan help.

As jy te veel stres en dit later nie meer kan hanteer nie, het jy miskien te veel hooi op jou vurk. Dis 'n goeie idee om te gaan kyk na al jou aktiwiteite en verantwoordelikhede en te besluit wat regtig nodig is. Moenie te veel dinge op een slag doen nie.

Vat 'n breek of kom net weg, al is dit net vir 'n uur of twee. Besoek nuwe plekke of gaan stap selfs net 'n bietjie om die blok. 'n Lekker warm bad is ook 'n goeie idee. Moenie op jou probleme fokus nie – kry jou kop skoon en ontspan!

Maak 'n lysie van wat jy alles moet afhandel en rangskik hulle van die belangrikste tot minder belangrik. Begin bo en handel elkeen stap vir stap af. Sodoende sal jy nie voel asof alles jou onderkry nie. Jy sal ook sien dat dit dalk nie so onmoontlik is om alles af te handel nie of dat jou probleme nie so groot is soos wat jy gedink het dit is nie.


**AFDELING B TOTAAL : 10**

**EN**

AFDELING C – TAAL

VRAAG 5 – WOORDGEBRUIK, WOORD- EN SINSTRUKTURE

- Die taalvrae wat volg, is op die volgende strokiesprent gebaseer.





GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 12 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1

- 5.1. Gee die korrekte vorm van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)  
**Goed** spelers speel vir die eerstespan.
- 5.2. Skryf die getal tussen hakies as 'n woord. (1)  
Daar is (**15**) spelers in 'n rugbyspan.
- 5.3. Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede. (2)  
Ben vra vir Basie: "Hoekom laat hulle jou uit?"
- 5.4. Skryf die intensiewe vorm van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)  
Ben is **kwaad** omdat Basie uitgelaat is.
- 5.5. Gee een woord vir die twee vetgedrukte, onderstreepte woorde. (1)  
Basie speel nou rugby vir die **een + span**.
- 5.6. Herskryf die sin met die voegwoord in hakies. (1)  
Tannie Minnie is ontsteld. Sy gaan nie meer die tennisbaan laat regmaak nie. (daarom)  
Begin so: Tannie Minnie is ...
- 5.7. Herskryf die sin en begin die sin met die woord in hakies. (1)  
Die hele familie gaan die afrigter sien. (Vandag)
- 5.8. Kies die korrekte voorsetsel in hakies. (1)  
Almal klim (**in / by / teen**) die motor.
- 5.9. Gee 'n sinoniem vir die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)  
Babsie gaan **miskien** die hoof sien.
- 5.10. Kies die korrekte spelling van die woord tussen hakies. (1)  
Baie is gekies om vir (**Gauteng wes / Gautengwes / Gauteng-wes**) te speel.
- 5.11. Gee die oortreffende trap van die woord tussen hakies. (1)  
Betsie is die (**goed**) speler in die hokkiespan.
- 5.12. Skryf die volgende sin in die passiewe / lydende vorm. (2)  
Die hokkiespan wen die meeste van hulle wedstryde.
- 5.13. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd. (2)  
Die ouers sit en kyk na die wedstryd.
- 5.14. Herskryf die volgende sin in die indirekte rede. (2)  
Babsie sê: Dit is jou skuld, Ben!"
- 5.15. Beantwoord die vraag hieronder in die negatief / ontkenende vorm. (2)  
Het die afrigter Basie onredelik behandel?
- 5.16. Skryf die volgende sin in die verlede tyd. (1)  
Dis die afrigter se besluit.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
GRAAD 12 JUNIE-EKSAMEN  
VRAESTEL 1

- 5.17. Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies. (2)  
Dit sal 'n 'n verleentheid wees. Basie keer die familie om nie te gaan nie. (tensy)  
Begin so: Dit sal 'n ...
- 5.18. Gee die teenoorgestelde geslag van die onderstreepte, vetgedrukte woord. (1)  
Basie is Tant Minnie se **nefie**.
- 5.19. Kies die korrekte woord wat die volgende idiomatiese uitdrukking voltooi? (1)  
Die familie oorreeger dus wil hulle die (\_\_\_\_\_) agter die berg gaan haal.  
a. Aap.  
b. Leeu.  
c. Bobbejaan.  
d. Renoster
- 5.20. Wat sal die vraag wees as die vetgedrukte / onderstreepte deel die antwoord is? (1)  
Die familie ry **met die motor** na die skool toe.
- 5.21. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)  
Dis 'n (moeilik) situasie.
- 5.22. Kies die korrekte antwoord. (1)  
Betsie is ook 'n **musikant / ballerina / danser** want sy speel die ghitaar.
- 5.23. Gee een woord vir die woorde in hakies: (1)  
Die span oefen gewoonlik (in die oggend).
- 5.24. Skryf die volgende sin oor in die aktiewe / bedrywende vorm. (2)  
Deur wie is Basie ook afgerig?
- 5.25. Herskryf die sin met die aanwysende voornaamwoord tussen hakies. (2)  
Die familie klim in die kar. Hulle ry na die skool toe met die kar. (waarmee)
- 5.26. Begin die sin met die voegwoord tussen hakies. (2)  
Tannie Minnie bel die skool. Sy praat met die hoof. (Toe)
- 5.27. Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede. (2)  
Babsie vra vir Ben: "Stel jy nie in sy sport belang nie?"
- 5.28. Skryf die volgende sin oor met die korrekte woordorde. (1)  
oefen / in haar kamer / elke dag / Betsie.
- 5.29. Begin die sin met die woorde tussen hakies. (2)  
Tannie Minnie gaan skool toe. Ben en Babsie gaan skool toe. (Nie net)  
Begin so: Nie net Tannie Minnie ...

**AFDELING C TOTAAL : 40**

**Vraestel Totaal : 80**

Bladsy 10 van 10